[47]

NASIONALE MEDIA BEPERK
NASIONALE PERS-SENTRUM
HEERENGRACHT 40

Received 18/02/92.

# DIE BURGER

ED :in

11 Februarie 1992

Dr S S van der Merwe en mnr Mac Maharaj
Kodesa-sekretariaat
Posbus 307
**Isando**
1600

Geagte Menere

Soos versoek, is hierby 'n fotostaat aangeheg van die vertaling van u Engelse brief wat u in ons meningskolomme gepubliseer wou hê. Dit het vandag verskyn.

Die Afrikaanse weergawe van u brief het ons ongelukkig te laat bereik. Ons waardeer nogtans die moeite wat u daarmee gedoen het, aangesien ons dit al hoe hinderliker gevind het dat Kodesa voortgegaan het om sy werksaamhede feitlik uitsluitend in Engels te bedryf. Aanvanklik het ons gemeen dit is net 'n oorsig, aangesien Suid-Afrika twee amptelike tale het, en in die toekoms dalk meer kan hê. Ons het die indruk gekry dat daar geen verbetering kom nie.

Moontlik is u bewus daarvan dat 'n ernstige polemiek hieroor ontstaan het. Sodanig, dat die FAK reeds in die openbaar 'n vertaaldiens vir Kodesa aangebied het.

Ons meen dit is 'n aanbod waarvan Kodesa gebruik kan maak, indien dit nie reeds gedoen is nie. Nie net om reg teenoor albei amptelike tale te laat geskied nie, maar ook omdat die afskeep van Afrikaans by hierdie belangrike beraad waarskynlik tot die groeiende regs-reaksionêre verset in die land bygedra het.

Ook hierby aangeheg is 'n rubriek van die rubriekskrywer Dawie van Die Burger waarin die kwessie behandel is. Ons wil dit graag by u aanbeveel ten einde groter welwillendheid in ons diep verdeelde samelewing te bevorder.

Getrou die uwe

**Ebbe Dommisse**
Redakteur

DIREKTEURE DIRECTORS
(UITVOERENDE VOORSITTER/EXECUTIVE CHAIRMAN)
H F CONRADIE
DE SWARDT DE VILLIERS
DOMMISSE D D HAMMANN
MALHERBE J H VAN DEVENTER
WEPENER WIESE

BESTURENDE DIREKTEUR MANAGING DIRECTOR
KRYNAUW (TYDSKRIFTE/MAGAZINES)

LID VAN DIE NASIONALE PERS GROEP

# Die vriendelike taal wat sy staanplek moet behou

**DIE intense nuwe polemiek oor die afskeep van Afrikaans in Kodesa dui onweerlegbaar daarop dat die kwessie van Afrikaans, behalwe sy ander dimensies, ook 'n uiters gevoelige politieke strydvraag is. Alle politici sal dit met groot omsigtigheid moet hanteer.**

Tereg word gevoel dat, as Afrikaans nie tot sy reg kom nie in Kodesa, waar die toekoms van die land beslis word, dan sal dit vorentoe in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika ook nie veel beter gaan nie.

En daar is eenvoudig by baie Afrikaanssprekendes 'n intuïtiewe aanvoeling dat hulle nie in hul eie land tuis sal voel as aan hul taal gevat word nie.

Dit is 'n korrekte afleiding. Dan sou die nagmerrie van die taalgeleerde Jaap Steyn, wat nostalgies skryf van die dae toe almal gedink het dat daar 'n toekoms was, waar word.

### Deelgenootskap

Afrikaans, lank belaster as die taal van die verdrukker, is vandag 'n vriendelike taal, die omgangstaal van miljoene. Ook, soos in die begin van die eeu, die taal van bevryding.

'n Groot ironie is dat besware téén Afrikaans die laaste jare hoofsaaklik van enkele Afrikaanse skrywers gekom het. Daaroor kan 'n mens slegs die kop skud.

Die toekoms van Afrikaans, die vriendelike taal, sal afhang van die mate waarin hy in 'n nuwe bedeling diensbaar bly.

Dit vereis deelgenootskap, die formule waarvolgens verskillende groepe saam aan 'n beter Suid-Afrika sal en moet bou.

Met deelgenootskap, en nie deur isolasie nie, kan en sal Afrikaans tot sy reg kom.

**UIT MY POLITIEKE PEN**

*deur Dawie*

Tans word Afrikaans se saak in Kodesa natuurlik enigsins verswak deurdat die KP nie aan die onderhandelingsproses deelneem nie.

Van deelgenootskap wil die KP in elk geval niks weet nie.

Die ver-regses is op loop met 'n mitiese volkstaat, 'n idee wat vir baie mense eenvoudig na 'n klomp twak lyk.

Die troppe kaarte in ver-regse geledere spel dit uit. En die KP het nie eens 'n kaart nie.

Die gewaande volkstaat kan tog nie in Transvaal, veral die PWV-gebied, wees nie (te veel swartes). Ook nie Natal (te veel Zoeloes en Indiërs) of die Vrystaat (die getalleoorwig teen witmense is daar die ergste in die land) of Wes- en Oos-Kaapland nie (te veel bruinmense hier en te veel swartes daar).

Al wat oorbly, is prof. Carel Boshoff se twintigste-eeuse Dorslandtrek na die barre Noordweste.

Dáár sal 'n klein, arm volkstaatjie in haglike omstandighede geskep moet word. En as so 'n staatjie, wonder bo wonder, ooit sou werk en welvarend word, dan sal – soos oral elders ter wêreld gebeur – die armlastiges van naburige lande daarheen gelok word.

Daar is dus geen uitkomkans nie, ondanks al die ontvlugtingsdenke. Afrikaners moet hul vaderland met ander deel om te oorleef.

Daardie besef dring toenemend deur ook tot kringe wat tradisioneel nie juis goedgesind teenoor Afrikaans was nie.

Vandaar die uitlating van die ANC-leier, mnr. Nelson Mandela, vandeesweek in Parys dat elke bevolkingsgroep in Suid-Afrika geregtig daarop is om sy eie taal, skole, kultuur en godsdiens te behou. Dis 'n betekenisvolle erkenning van die elemente van deelgenootskap.

Afrikaans as 'n belangrike samebindende krag, as 'n moderne en soepele Afrika-taal wat die diepste emosies van 12-14 miljoene mense kan verwoord en terselfdertyd aan die vereistes van 'n snel veranderende tegnologiese eeu kan voldoen, kan dus sy plek in 'n nuwe Suid-Afrika vol staan.

Dan moet Afrikaanssprekendes egter bereid wees om 'n konstruktiewe deel van 'n groter geheel te word, om te bou aan 'n moderne sukses-land wat op pilare van deelgenootskap en onderlinge respek berus.

Dis die beste hoop vir Afrikaans.

### 'n Magtige skoonheid

Dit behels dat Afrikaans, naas Engels, 'n amptelike taal moet bly, en waarskynlik dat een of meer swart tale ook amptelike status kry – as swartmense dit wil hê.

Dis 'n saak wat swart leiers self moet uitmaak. Geen Afrikaanssprekende wat reg en geregtigheid wil laat geskied, kan daarteen beswaar inbring nie.

As Afrikaans sy staanplek behou, sal die kanse verskraal dat Afrikaanssprekendes teruggedwing word na die donker geestelike spelonke van atavisme en reaksionêre weerstand – en dat 'n nuwe taalstryd ontketen word.

Dan kan daar in Suid-Afrika 'n magtige skoonheid blom, die grootse versugting wat Van Wyk Louw in sy digkuns uitgespreek het – in Afrikaans.

# Gee leerkragte duidelikheid oor hul pensioenfonds

**L.L. du Toit, Posbus 886, Oudtshoorn,** skryf:

Einde verlede jaar is in Menings 'n aantal briewe gepubliseer waarin leerkragte die regverdigheid bevraagteken van die situasie wat dit toelaat dat sekere onderwysers op 60-jarige leeftyd kan aftree, terwyl ander leerkragte gedwing word om op 65 jaar af te tree – ondanks die feit dat almal tot dieselfde pensioenfonds bydra.

Briefskrywers het veral beklemtoon dat onderwysers dikwels geesdrif verloor en dus hul taak nie so doeltreffend kan uitvoer nadat hulle sestig bereik het nie. Diesulkes veroorsaak dat jonger onderwysers uit beskikbare betrekkings gehou word. Hoewel in feitlik al die briewe om reaksie van die owerhede gepleit het, heers 'n merkwaardige stilswye.

Die owerhede se blykbare onwilligheid (of moontlike onvermoë) om te reageer, het gelei tot gissings in dié verband. Gerugte is aan die orde van die dag dat die pensioenfonds bankrot of ten minste van so 'n aard is dat 'n drastiese hersiening gedoen sal moet word van die wyse waarop die pensioenvoordele uitbetaal word.

Dit lyk of leerkragte wat vroeg kon aftree, groter voordele kry as hul kollegas wat nog nie die aftree-ouderdom bereik het nie. Dit onderstreep die onregverdigheid in die verskil in die aftree-ouderdom in die verskillende departemente. Hierdie toedrag van sake versleg net die moreel van mense wat al soveel aanslae verduur het.

Tans gis die media dat ernstig besin word oor die moontlikheid van belasting op gratifikasie. Dit sal beslis die algemene frustrasie en onsekerheid vererger. Indien hierdie belasting werklikheid word, sal dit tot gevolg hê dat die neseier waarop baie leerkragte staatgemaak en wat hulle in hul beplanning vir aftrede in berekening gebring het, aansienlik sal krimp.

Dieselfde sal gebeur indien die gratifikasie deur 'n verhoogde maandelikse pensioenbydrae vervang word. Dit sal lei tot die verarming van ouer leerkragte wanneer hulle die aftree-ouderdom bereik.

Dit spreek vanself dat diesulkes nie genoeg tyd sal hê vir alternatiewe beleggings om te vergoed vir die verlies wat hulle uiteindelik sal ly nie. Indien dít die toedrag van sake sal wees, sal dit bitter onregverdig wees, omdat die betrokke leerkragte gedwing is om tot die pensioenfonds by te dra.

'n Algemene onsekerheid heers. Is dit te veel gevra dat die betrokke owerhede onderwysers se lot betreffende hul pensioenvoordele duidelik uitspel? In die private sektor word die beleid duidelik gestel. Die geld wat ter sake is, kom immers van bydraes deur lede van die pensioenfonds. Is dit dan nie hul reg om presies te weet waar hulle staan nie?

Indien gerugte dan bewaarheid word, sal dit ten minste leerkragte die geleentheid bied om alternatiewe reëlings te tref. Dit lyk egter of dit vir diegene wie se vertroue geskok is, reeds te laat is – veral in die lig van die bewering dat ontslag-uitkerings aan oortollige onderwysers uitgedeel word.

# Monica Seles se kreet met elke hou hinder baie

**Johann Sippel, Stellenbosch,** skryf:

Monica Seles het dit weer reggekry. In die Australiese ope tennistoernooi het sy alle opposisie uit die pad gevee met haar "ahie" met elke hou wat sy speel. Dit was 'n lafenis om ná haar en Arantxa Sanchez-Vicario se krete te kyk na die wedstryd tussen Mary Joe Fernandez en Gabriela Sabatini wat heel stil verloop het, afgesien van Sabatini se ge-"mm" nou en dan.

In die eindstryd het Seles haar weer met die geskreeu te buite gegaan, terwyl Fernandez feitlik geen geluid geuiter het nie.

Ek vind dit eienaardig dat nie teen Seles opgetree word nie, aangesien sy volgens die artikel "Do you know when to call a let" in Tennis van Augustus 1987 elke punt moes verloor het. Die artikel verduidelik soos volg:

"The most common hinderance is verbal interference. If your opponent screams out and distracts you, you may call a let if the scream was unintentional. If it was deliberate, he loses the point."

Vir kykers is die geskreeu irriterend. Dit moet soveel erger wees vir die spelers en toeskouers wat baie nader as die kyker is. Ander speelsters het al gekla, onder wie Martina Navratilova.

In 1990 het die vroue-afdeling van die All England Lawn Tennis and Croquet Club oorweeg om sodanige geskreeu te verbied. Is dit dalk die werklike rede waarom Seles verlede jaar nie op Wimbledon deelgeneem het nie?

# Alle groepe kan voorstelle stuur aan Kodesa

**S.S. van der Merwe en Mac Maharaj, Kodesa-sekretariaat, Wêreldhandelsentrum, Posbus 307, Isando,** skryf:

Die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) is 'n belangrike forum vir die vind van 'n vreedsame oplossing vir ons land se probleme en 'n weg tot 'n demokratiese Suid-Afrika.

Op die voorbereidende vergadering waarop Kodesa aan die gang gesit is, is besluit dat net bona fide politieke partye of organisasies en administrasies volle deelnemerstatus moet kry.

Terselfdertyd wil die Kodesa-organiseerders alle belangegroepe op elke gebied van die samelewing aanmoedig om soveel moontlik deel te neem. Daar is daarvoor voorsiening gemaak dat alle belangegroepe voorleggings aan Kodesa se vyf werkgroepe kan doen, sodat dit in ag geneem kan word wanneer die werkgroepe beraadslaag.

Ons nooi Suid-Afrikaanse belangegroepe om skriftelike voorleggings te doen aan die werkgroepe soos dit op hulle van toepassing is.

Werkgroep 1 is belas met die skepping van 'n klimaat vir vrye politieke deelname, asook met die internasionale gemeenskap se rol.

Werkgroep 2 sien om na algemene grondwetlike beginsels, sowel as die grondwetgewende liggaam en proses.

Werkgroep 3 het te doen met oorgangsreëlings en die tussentydse regerings of gesag.

Werkgroep 4 kyk na die toekoms van die TBVC-lande (Transkei, Venda, Bophuthatswana en Ciskei).

Werkgroep 5 kan genader word oor tydroosters en die toepassing van Kodesa-besluite.

Nader besonderhede oor elke werkgroep kan van die Kodesa-sekretariaat verkry word by bogenoemde adres, by ☎ (011) 397-1198 of by faksnommer (011) 397-2211. Ons sal bly wees as die voorleggings ons op of voor 2 Maart sal bereik.

*(Uit Engels vertaal. – Red. D.B.)*

# Wees dankbaar dat koerant-seun geld kan verdien

**Snoesig In Bed, Goodwood,** skryf:

Ek reageer op die brief "Koerantseuns kry min dank vir hul harde werk" deur "Koerant-ma" van die Paarl in Menings van 27 Januarie.

Ek het dit 'n paar keer gelees, want ek kon nie glo dat 'n Christenma wat elke Sondag in die kerk is, so kan mor asof haar seun geen betaling kry nie. As sy so 'n gereelde kerkganger en 'n Christen is, moet sy mos haar mede-Afrikaners se onbedagsaamheid vergewe.

Ek wys haar ook daarop dat dit deur diegene wat Sondae saam met haar in die kerk sit en diegene wat soggens nog snoesig in die bed lê wanneer haar seun in die reën, koue en wind koerante moet aflewer, moontlik gemaak word dat hy 'n werk het waardeur hy geld verdien.

'n Klipgooi van my woon ouers wie se seun in dieselfde omstandighede koerante moet aflewer. Ek het nog nooit gehoor dat hulle oor iets sanik nie. In die winter neem die ma baie keer die seun met haar motor op sy rondte. Onlangs, toe die seun 'n paar dae weg was, het die pa die koerante per fiets afgelewer.

Noudat "Koerant-ma" ná 'n jaar kennis gemaak het met die probleemkant van koerantaflewering – soos baie klagte en min dankies, die feit dat nie almal met die Kersfees iets skenk nie, en die feit dat haar seun soms in moeilike omstandighede aflewer – kan sy mos besluit of dit die moeite werd is dat hy daarmee voortgaan.

Sy behoort dankbaar te wees dat haar seun geld verdien. Baie mense in ons land wil graag werk, maar kry nie die geleentheid nie.

# Afleweraars kan gerus hul adres bekend maak

**H. Mostert, Raphaelsingel, Stellenberg,** skryf:

Na aanleiding van "Koerant-ma" se brief "Koerantseuns kry min dank vir hul harde werk" in Menings van 27 Januarie die volgende:

Die koerant word soggens so vroeg en vinnig afgelewer dat ons die seuns nooit te sien kry nie. Die betrokke kantoor verskaf nie die afleweraars se naam en adres nie.

Toe ons pas hier ingetrek het, het ons net voordat die skole gesluit het, saam met die koerant 'n kaartjie met goeie wense met die jong man se naam en adres gekry. Só kon ek toe na sy huis gaan met ons dankiekaartjie en geld as geskenk. Afleweraars moet dit gerus probeer.

Wat die nat of verwaaide koerante betref: My man het by ons posbus 'n stuk bouersaflaatpyp horisontaal aangebring. Daarin pas die koerant net mooi in. Ook die Tyger-Burger word daarin gesit.

# Jammer inflasie kan blykbaar nie gestuit word

**J.H.P. Louw, Tautestraat 1, Oudtshoorn,** skryf:

Die naasgrootste euwel in Suid-Afrika, naas die Derdewêreldse bevolkingsontploffing, is seker ons in-

C • O • D • E • S • A

MANCOM\CORRES\ACK (3)

MANAGEMENT COMMITTEE\CORRESPONDENCE\ACKNOWLEDGEMENT

Mnr Ebbe Dommisse
Redakteur: Die Burger
Posbus 642
KAAPSTAD
8000

Geagte Meneer Dommisse

Baie dankie vir u brief van 11 Februarie 1992 (ED:in) aangaande die brief wat ons in u meningskolomme gepubliseer het en aangaande Afrikaans.

Met vriendelike groete

pp [signature]

Mnr F van der Merwe
Sekretariaat

CONVENTION FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA
PO Box 307, Isando, 1600, South Africa.
Telephone (011) 397-1198/99. Fax (011) 397-2211

Mnr Ebbe Dommisse
Redakteur Die Burger
Posbus 692
Kaapstad 8000

Geagte meneer Dommisse,

Baie dankie vir u brief van 11 Februarie 1992 (ED:im) ~~[illegible]~~ aangaande / hierdie brief voor u in u meningskolomme publiseer het en aangaande Afrikaans. ~~[illegible] KODESA [illegible]~~

Met vriendelike groete

pp.
Sekretaresse

marcon\General\Corres